Die Poortpos en meer . . . .

9 September 2020

Evangelienuus vir elke Montanapoorter

1999 - 2020

"Groot geword met die genadebrood van die Woord."

Liewe Montanapoorter,

Septembermaand 2020 kry koers! Mag jy, op koers met doelgerigte daadkrag lewe én van die grootheid van die lewende Here getuig.

"WEES BETROKKE, EN GEDREWE TOT SUKSES!"

MONTANAPOORT AFKONDIGINGS:

- **'n Mededeling van die Kerkraad oor hoe (nederig beskou en met die lig waaroor hulle beskik besluit), die onderstaande gemeentedinge, tydens die voortgang van die grendelstaat gaan "werk":**

  - Terugskou: Maart - Augustus 2020
    Daar blyk nie tans groot negatiewe sake te wees wat dringende aandag vereis wanneer die kerkraad weer vergader nie. Die grendeltyd is tot op hede deur die Montanapoort lidmate aangepak, moedig aanvaar, hanteer en deurgedruk.

    Groot dankbaarheid teenoor die Here dat dit besonder goed gaan in die gemeente, met spesifieke verwysing na die positiewe saldo van die diakonie se bankrekening en getroue afdra van maandelikse dankoffergawes, met uitsondering van enkele lidmate wat met meriete moes afskaal.

    Spesiale vermelding vir die groot en belangrike rol wat oudl. Jan Minnie speel in die tegniese aspekte van die digitale Woordbediening

- Hervatting van eredienste:
  - Dat normale eredienste aanvang sal neem so gou as die pandemie en owerheid dit toelaat en sodoende die feeskarakter van die erediens tot volle reg kan kom.
  - In die lig van omstandighede op die tydstip wanneer dit weer toegelaat word, daar verder geoordeel word of daar noodwendig van die begin af ook 'n aanderedienste moet wees.

- Protokol van toepassing - Vlak 2 en 1 endaarna:
  Die moment wat protokol aan die orde kom, sal daar onmiddellik vergader word en die regulasies wat op die bepaalde tydstip geld, bestudeer word en van toepassing maak op ons kerkgebou en samekomste.

- 2021Jaarprogram:
  - Dat die jaarprogram voortaan elektronies aan lidmate beskikbaar gestel word.
  - Lidmate wat wel 'n hardekopie van die jaarprogam sou verkies, kan dit steeds bekom, maar moet die Admin Beampte in die week van DV 28 September tot 2 Oktober 2020 in kennis stel. Stuur 'n whatsapp na 072 980 9287 of epos na kerkkantoor@montanapoort.co.za.
  - Die datum waarop die jaarprogram beskikbaar sal wees is onbekend! Geen skoolvakansie datums is tot op hede bekikbaar nie.

- Kerssangdiens:
  Die erediens vir 2020 word afgestel.

- Kerkkantoor:
  Die Admin Beampte sal gedurende September 2020 steeds van die huis af werk.

- Ontslag:
  Aansoeke om ontslag (so gou doenlik na inperking)
  Oudl. Dirk Coetzee
  Diak. Joan Coetzee

- 21 Jaar Feesvieringe:
  Die fees soos aanvanklik beplan is afgestel. Enkele aspekte daarvan sal wel per geleentheid kan realiseer wanneer ons weer saam as gemeente in 'n erediens bymekaar kom, moontlik in die vorm van 'n dankbaarheidsfees.

- **Attestate:**
  Hartlik welkom!
  Met kerklike getuienis van die NGK Kameeldrif:
  Sr. Carin Elize van der Walt (078 499 5122)

  Vertrek na GK Nylstroom: sr. Francis van Zyl

- **Siekmense:**
  Sarie Malan (083 308 0295); Anita Erasmus (082 374 7704); Nell Kurpershoek; Marisa Frouws (082 909 0696); Tjaart en Tina Vorster (082 514 3406) se dogter Marlize; Frances vanZyl; Marie Smith (082 569 6966), Marie-Louise Bedford (079 128 1138).

- **Geluk:**
  Ds. en Mev Kurpershoek wat op 8 September hulle 60e huweliksherdenking kon vier.

- **VERJAARSDAE: (9 - 15 September)**
  September:
  9 Hans Diedericks (082 300 6453), René van der Walt (082 884 8395).
  10 Elize Roberts (078 171 4330), Adelle van Heerden (083 292 1690).
  11 Carin Rautenbach (072 149 0564 - ma), Thomas vd Veen (082 576 3332 - pa).
  12 Lettie Botha (072 171 1221), Lida de Jager (084 092 4562), Gerhard Henning (071 605 6072), Johan Spies (082 570 3360), Hennie van Staden (081 814 0822).
  13 Frederick Jv Rensburg (082 687 7574 - ma), Annatjie Jurrius (072 207 2549), Donnalee Oosthuizen (073 931 3438 - ma), Mintro Rautenbach (072 149 0564).
  14 Rieks Grobler (072 233 7722), Milanke Rautenbah (072 149 0564 - ma).
  15 Stephan Roberts (072 859 4678).

  Vir al die verjaarsdagmense:
  Allermooi dag en jaar.

- **Jou voorbidding vir:**
  - Elke gemeente van die Here Jesus Christus wat Hom in waarheid aanbid.
  - Verkondigers van die Here se Woord vir insig en kalmte en die genade om die Woord te kan uitlê en in gelowiges se lewe te kan toepas.
  - Vreugdevolle belydenisklaskamp: DV 23-26 Oktober 2020
  - Die wêreld en die mensdom in pandemietyd.
  - Die Staatspresident en sy kabinet om in verantwoordelikheid te kan regeer.
  - Ouers, kinders, onderwysers en dosente te midde van vreemd-uitdagende dae.
  - Die straatkind, die hawelose, die uitgeworpenes van die samelewing.
  - Uniformdraers.
  - Mediese personeel.
  - Nooddienswerkers.
  - Realisme en objektiwiteit en begrip teenoor mekaar.

- **Ons loof die Here:**
  - Vir Pieter en Louise Kruger (082 456 6495) wat na wekelange se intensiewe mediese behandeling, die dokter eers DV Januarie 2021 weer spreek.
  - Vir die genade om 'n lewende lid (ongeag inperking), van Sy kerk op aarde te mag wees.
  - Vir kos, veilige blyplek, lopende warm en koue water, seep, skoene en sommer die lewe!!! uit genade. LOOF DIE HERE, LOOF SY NAAM ALOM!

ALMANAK 2021

Lidmate wat hierdie boek van die Admin Buro wil bestel (prys nog onbekend), moet vir die Admin Beampte per whatsapp óf per e-pos laat weet.
Selnommer: 072 980 9287
E-pos: kerkkantoor@montanapoort.co.za

So iets van alles:

COVID 19 COVID 19
Nou is die tyd om saam te staan.
Kry 1 tot 5% terug op aankope van kruideniersware tot versekering.
Kontak my op e-pos: jeff@excat.co.za

- **Katkisasie:**

→ **Voorskools - Gr. 7:**
- **Geen les vir die week nie. So bietjie vakansie.**

→ **Gr. 8-10:**
- **Geen les vir die week nie. So bietjie vakansie.**

→ **Belydenisklas:**
- **DV Donderdag van 17h00 - 18h30.**

GOD SE WOORD EN JÓÚ LEWE

Oordink Matteus 5:3

**"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is,
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel . . . ."**

Enkele kantaantekeninge van belang:

- Die saligsprekinge is veel meer as interessante vroom praatjies. Dit is 'n karaktertoets.
- Salig, gelukkig, geseënd - dit beteken groot heerlikheid. Dit beteken God is aan my kant. Dit beteken die lewe in oorvloed.
- Oorspronklike teks lees: "Salig is die wat arm van gees is."

  = "Algehele bankrotskap"

  = "Teenoorgestelde van hoogmoedige selfvoldaanheid"

  = "Totale afhanklikheid van God"
  (as lewenshouding)

  ARM VAN GEES BETEKEN OM VOOR GOD ARM TE WEES - INNERLIKE BANKROTSKAP!

- Nou: Vir bankrot bedelaars sê Jesus.
  JULLE SAL DIE KONINKRYK VAN GOD BEËRWE

  Erfgenaam van die "LEWE!"

Enkele vrae vir bespreking (of om oor na te dink):

- Sê in jou eie woorde wat "arm van gees" beteken.
- Afhanklikheid beteken onder meer om hulp te vra as jy in nood verkeer. Is God dan net 'n noodmaatreël in ons elkedagse bestaan?

DV Sondag se videogreep!!
Sal jy omgee as ek die skakel voortaan 08h00 stuur? Daar was so 'n versoek. Laat my weet indien jy "beswaar" het.

Dr. Pieter Heystek (Ook 'n Montanapoorter)